


# Ontmoeting 17 Die lig en die lamp

Matt 5:14-16

Hulpmiddels:

- \* kers in blaker
- \* 3 teekersies
- \* 3 emmers
- \* lampie met teekersie in staander
- \* mannetjie van hout



## WELKOM

Sit die 3 teekersies op die tafel en steek een aan. Sit nou 'n emmer oor elkeen en skuif dit rond. Die kinders moet raai onder watter een van die emmers die kersie brand. Lig eers die ander twee emmers op en laastens die brandende kersie s'n.

Liedjies:

- ♦ "Laat jou lig skyn vir Jesus" (Lofkleuters 2, snit 38)
- ♦ "Laat ons skyn vir Jesus" (Halleluja-liedjie)

## WYDING

Stilword-ritueel:

Doen net soos by ontmoetings 15 en 16.

**Kersie-gebed:** Die kinders deel in groepies van 4 – 10 en elke groep kry 'n brandende gebedskersie in 'n blaker. Die kersie word omgestuur en die kind wat die kersie vashou, mag hardop bid.

**Temalied:** "EK wandel in die lig van God"

## WOORD

Jesus het hierdie storie vir sy volgelinge vertel: "Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie. 'n Mens steek nie 'n lamp op en sit dit dan weg onder 'n emmer of onder 'n bed nie. *(Doen dit.)* Nee, jy sit dit op 'n lampstaander sodat die mense wat binnekom die lig kan sien en dat almal in die

huis kan sien wat om hulle aangaan. *(Doen dit.)* Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Jou oog is soos die lamp vir jou liggaam. *(Wys die mannetjie in die rigting van die lamp.)* As jy reg kyk, sal die res van jou liggaam ook verlig wees. Dan sal jy met die regte gesindheid na mense kyk en nie op 'n lelike manier nie. As jy verkeerd kyk, sal jou hele liggaam sonder God se lig wees. *(Draai die mannetjie se gesig weg van die lamp af sodat sy rug na die lamp gedraai is. Vra vir die kinders of hulle die flikkering van die kersliggie in die mannetjie se gesig kan sien.)*

Pasop dat die lig in jou nie weggesteek is nie. As jou hele liggaam lig is en daar geen plek vir donker in jou lewe is nie, sal dit wees soos 'n lig wat oor jou skyn."

**Die kinders dink na oor die verhaal:**


- ♦ Ek wonder hoe dit sou voel om daar saam met Jesus en die dissipels te wees.
- ♦ Ek wonder wat sê die verhaal vir jou.
- ♦ Ek wonder waar is dit vir jou maklik om jou liggie te laat sien.
- ♦ Ek wonder waar is dit vir jou moeilik om jou liggie te laat sien.

## WERSKAF

Lampies:

- ⇒ Maak 'n lantern met papier, skêre en potlode.
- ⇒ Maak 'n lampie van soutklei en sit 'n teekersie daarin.
- ⇒ Watter lampie kan brand? (Onderaan bl. 12)

**Seënbede:** Sluit af met die seënbede.



Watter lampie kan brand?

